

Eskatologie by Gerhard Ebeling

**Author:**Ignatius W.C. van Wyk¹**Affiliation:**¹Department of Church History, University of Pretoria, South Africa**Project leader:** W.A. Dreyer**Project number:** 77370920**Description:**

This research is part of the project, 'History of the Netherdutch Reformed Church/Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk', directed by Dr Wim Dreyer, Department of Church History and Church Polity, Faculty of Theology, University of Pretoria.

Corresponding author:Natie van Wyk,
hto@mweb.co.za**Dates:**

Received: 07 Mar. 2016

Accepted: 18 Aug. 2016

Published: 24 Nov. 2016

How to cite this article:

Van Wyk, I.W.C., 2016, 'Eskatologie by Gerhard Ebeling', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 72(4), a3405. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i4.3405>

Copyright:

© 2016. The Authors.
Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

This article presents the eschatology of the German theologian Gerhard Ebeling (1912–2001). Concentration falls on his views on death and life after death. Only a selection of his writings has been used for this article (originally a paper at a symposium on the life and work of Ebeling). Ebeling was one of the great Luther-researchers of the 20th century. The article is therefore also about Luther's views on death and life after death. Ebeling's eschatology cannot be separated from Luther's eschatology; hence, many notes on Luther's works have been taken up in the article.

Inleiding

Gerhard Ebeling (1912–2001) het 'n lang lewe gehad. Hy is genoeg tyd gegun om deeglik oor die lewe, die dood en die lewe ná die dood na te dink.¹ In sy nadenke oor hierdie temas het hy hom grootliks deur Martin Luther laat lei. Ebeling was een van die grootste Luther-navorsers van die 20ste eeu. In Ebeling se denke kry 'n mens met Luther se denke in 'n geaktualiseerde vorm te make. Ebeling het die kennis en die vermoë gehad om teologiese gedagtes wat 500 jaar oud is vir moderne mense pakkend aan te bied. Sy eskatologie is intellektueel en eksistensiële van aard. Dit open die Bybelse boodskap vir mense wie se lewens deur wetenskap en tegnologie beheer word, op só 'n wyse dat hulle *menslik* kan lewe en sterwe. Ebeling se eskatologie maak dit moontlik om denkend en dankend die tydlikheid en die tydelikheid van ons bestaan te aanvaar, maar om terselfdertyd vreugdevol uit te sien na die nuwe lewe in Christus.

Die eskatologie² of die leer oor die Christelike hoop word in hierdie bydrae beperk tot Ebeling se verstaan van die dood en die lewe ná die dood. Gegewe die bestek van die artikel word hier na die inskripsie op sy grafsteen verwys. Ebeling het die oudkerklike antifoon *media vita in morte* op sy grafsteen laat aanbring, maar ook Luther se omkering van die woorde tot *media morte in vita* – met ander woorde: 'Midde in die lewe is ons van die dood omgewe; maar eerder moet gesê word: Midde in die dood is ons van die lewe omgewe' (vgl. Beutel 2012:531). Hierdie inskripsie op sy grafsteen is 'n samevatting van sy verstaan van die Christelike hoop.

Ebeling (1979b:428–436) skryf pertinent oor die *Christelike*³ hoop. Om oor hoop as 'n menslike fenomeen te skryf, lewer volgens hom geen bydrae tot die teologie nie. Daar moet verduidelik word wat dit beteken wanneer Christus die inhoud van ons hoop is. Wanneer Christus ons hoop is, is daar geen rede om voor die dood te verstom nie. Alleenlik Christus maak dit moontlik om oor 'God as die bron van hoop' (Rom 15:13) te praat – God wat sterker is as die dood. Suiwer hoop is gegrond in God,⁴ die Vader van Jesus Christus. Sy handeling (onder andere sy opwekking van Jesus) gee aan ons hoop, en nie wat ons kan vermag of begeer nie. Om hierdie rede is Ebeling (1979b:434) huiwerig om te veel van hoop as sodanig te maak. Hy verkies om eerder van geloof te praat – geloof wat hoop impliseer. Geloof is geloof in die magdade van God, en dit is God se daade wat hoop bied en nie ons vertrou om iets te laat realiseer nie.

1. In 1989 is Ebeling as 77-jarige vir die eerste keer in 'n hospitaal opgeneem en geopeer. In 1993 kry hy die eerste 'gevoel dat die einde naby is'. Vanaf 1999 kon hy nie meer selfstandig in sy eie huis funksioneer nie. Op 3 Januarie 2000 verhuis hy na 'n kerklike verpleeginrigting. Hy ontvang egter besoekers tot en met Mei 2001. Hy sterf op 30 September 2001 op 89-jarige ouderdom en word begrawe op 8 Oktober 2001 (Beutel 2012:528–531).

2. Vir eeue lank was daar geen konsensus oor wat onder die begrip 'eskatologie' verstaan moet word nie. Die begrip as sodanig is ook nie van meet af gebruik nie. Origenes († 254) was die eerste teoloog wat 'n uitgebreide stukkie eskatologie geskryf het onder die opskrif 'die voleinding van God se skepping' in *Peri Archón* 1, 6, 1. Vir korter periodes in die teologiese geskiedenis was daar min of meer konsensus oor die omvang van die temas wat onder hierdie begrip tuis kan kom. Tot hede toe bly die lys van temas oop vir debat. Waaroor daar konsensus is, is dat eskatologie oor die *eschata*, die 'laaste dinge' handel. Die Lutherse ortodoksie van die 17de eeu het die begrip *de novissimis*, 'aangaande die einde', gebruik wat tog 'n bepaalde koers aangedui het. Die Gereformeerde ortodoksie het egter ook 'n belangrike bydrae gelewer deur eskatologie te laat fokus op die voleinding van Christus se heilswerk en die werk van die Heilige Gees in die verheerliking van God. In die 20ste eeu het die temas 'hoop', die 'koms van God' en die 'teenwoordigheid van die Kommende in die sakramente' aandag geniet. In hierdie bydrae word eskatologie beperk tot die dood en die lewe ná die dood (vgl. Pannenberg 1993:569–694; Moltmann 1995:1–64; Sauter 1995:1–26; Körtner 2014:1–52; Wenz 2015, vir die spektrum van temas wat onder hierdie begrip tuiskom).

3. Talle mense maak die fout om te beweer dat die groot Duitse teoloog hulle deur 'n filosoof laat rondlei. Iemand soos Jürgen Moltmann is dikwels daarvan beskuldig dat hy deur Ernst Bloch, en sy boek *Das Prinzip Hoffnung*, aan die neus gelei word. Hy self (2014:177) ontken dit ten sterkste. Hy het die leemte raakgesien dat teoloë dikwels oor geloof en liefde skryf, maar selde oor die *Christelike* hoop. Ten spyte van klemverskille, doen Ebeling dieselfde. Sy agenda het slegs een punt, naamlik hoe daar oor die lewe en die dood vanuit 'n *Christelike* oogpunt gepraat word.

4. Ebeling verwys na Luther (WA 5, 166, 18) se woord in sy uitleg van Psalm 5 waar hy praat van *die spes purissima in purissimum deum*.

Read online:

Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

Lewe en dood

Ebeling het albei Wêreldoorloë beleef. Hy was dus intens geraak deur die dood van miljoene mense. Dit is daarom vreemd nie dat hy dikwels gedurende sy lang akademiese loopbaan aan die eskatologie aandag gegee het. Sy direkte voorganger in Tübingen, Helmut Thielicke, het hom aangemoedig om saam met hom⁵ oor die dood na te dink en te publiseer. Laat in sy loopbaan, op 4 Desember 1986, lewer hy, soos deur Thielicke versoek, 'n voordrag in Hamburg (waar Thielicke in daardie stadium rektor was) oor Luther se verstaan van die dood, waarby hy heelhartig aansluiting vind. Hy het by Luther geleer om dood en lewe as eenheid te bedink. Wanneer daar oor die dood nagedink word, moet daar ook oor die kruis en opstanding van Christus (die waarborg vir nuwe lewe) nagedink word. Volgens Ebeling (1987:164) handel Luther se ganse teologie oor die dood, maar toegespits as "n konfrontasie met die dood". Die dood is vir Luther 'hoogste probleem en allerwerklikste werklikheid' (1987:164), maar indien dit teologies nie om "n konfrontasie met die dood" handel nie, het dit geen waarde nie. 'n Teologie wat nie met die dood in konfrontasie gaan nie, is vir Ebeling nie ware teologie nie. 'n Teologie wat net soos ander wetenskappe voor die dood verstom, het geen waarde nie. Dat die mens en die dood vennote is, spreek vanself. Óf en hóé God en die dood vennote is – dít is die uitdaging van die teoloog. Óf God teen die dood opgewasse is – dít bepaal die waarheid van die teologie. Egte, ware teologie is volgens Luther en Ebeling in staat om oor God as die 'dood van die dood' te praat.⁶

In die lig van die bogenoemde argument, word na die eintlike vraag teruggekeer, naamlik, hoe verstaan Ebeling, met die hulp van Luther, die dood? Volgens Luther veroorsaak die dood dat die 'lewensklanke van korte duur is, terwyl die stilte daarvoor en daarna vir ewig is'⁷ (na aanleiding van Ps 90:9 in WA 40, 3, 558, 8). Die dood bring verder mee dat menslike lewe as ambivalent ervaar word. Die dood laat mense die vernederende en verskriklike ervaring opdoen dat ons méér van die lewe verwag as wat ons gebied word. Om hierdie rede vlug die meeste mense voor die dood. Dit word op baie verskillende maniere gedoen: medikasie, gebede vir genesing, oefenprogramme en diëte. Mense doen dit heldhaftig, in stóisynse oorgawe of godsdienstige hooghartigheid. Tóg kan die dood nie ontwyk word nie. Dit maak nie saak hoeveel die 'gesig' van die dood verander nie, die dood haal ons in. 'n Ander wêreldbeeld, beter tegnologies en groter wetenskaplike kundigheid verander niks aan die onafwendbaarheid van die dood nie. Ebeling (1987:168–171) het by Luther geleer dat die stryd om die hantering van die dood nie oor

wêreldbeelde gaan nie, maar om oordele: Om te weet dat Augustinus se wêreldbeeld van Luther s'n verskil en syne van ons s'n, is nie die krisis nie. Die voortdurende verandering in wêreldbeeld verlig of vererger nie die mens se krisis nie. Wat wel 'n verandering kan bewerkstellig, is die besef en insig dat mense hulle op God se oordeel oor die dood kan verlaat en nie op die oordeel van die wêreld hoef te steun nie. Dit handel dus hier oor Luther se twee forums van oordeel, of die twee *coram*-relasies.⁸ Volgens Luther staan ons permanent voor die oordeel van die wêreld en die oordeel van God. Ons kies egter om staat te maak op die oordeel van die wêreld. Hierdie keuse is ons 'oersonde'. Die sonde bestaan daarin dat ons op onself gefikseer bly en ons blind maak vir dít wat buite onself lê – en dít is die oordeel van God (Ebeling 1987:169). Volgens Luther steun ons op die wêreld se oordeel oor die dood. Die wêreld oordeel dat die dood iets verskrikliks is wat baie hartseer veroorsaak. Maar, eers wanneer ons in die geloof dan tóg luister na God se oordeel, ontdek ons die ware verskrikking van die dood. Eers wanneer ons van die genade en die vergewing hoor, besef ons hoe verskriklik die dood in werklikheid is. En omgekeerd: eers wanneer ons van God se oordeel oor die sonde hoor, kan ons werklike begrip ontwikkel vir die wonder van die genade en vergewing. Volgens Ebeling moet die prediking oor die wet⁹ die waan vernietig dat die mens deur mediese dienste of die aanleer van sterwenskunste die dood aktief kan teenwerk. Die prediking van die evangelie, aan die ander kant, wys weer te midde van die skrikwekkende beelde van die dodedans heen na die nuwe lewe danksy die kruis van Christus. Volgens Luther (WA 2, 688, 35–36)¹⁰ 'moet jy die dood in die lewe, die sonde in die

8. Ebeling (1988:219) wys daarop dat die vermoë om in die teologie te onderskei van iemand volgens Luther 'n ware teoloog maak. Twee klassieke uitsprake verdien vermelding. In sy eerste Psalm-voorlesing van 1513/15 (WA 55, 1, 1, 25–27) sê hy: 'In Scripturis Sanctis optimum est Spiritu ma litera discernere, hoc enim facit vero theologum' [In sake die Heilige Skrif is dit noodwendig om gees van letter te onderskei; dít maak ten diepste van iemand 'n teoloog]. In sy Derde Disputasie teen die Wetsvryandiges in 1538 (WA 39, I, 552, 12–13) sê hy ten opsigte van wet en evangelie: 'Haec qui bene novit distinguere, bonus est theologus' [Wie goed tussen wet en evangelie kan onderskei is 'n goeie teoloog]. Ebeling (1988:220–223) besef dat die *coram Deo*-argument oudmodies klink, maar meen dat die insig om voor die aangesig van die Here die regte onderskeidingsvermoë te openbaar die hart van Reformatoriese teologie raak, en wel om drie redes: Dit verlig ons om op die konstitutiewe van teologie te konsentreer, dat die konstitutiewe die vermoë is om te onderskei, en dat onderskeiding 'n lewensopgawe is. Die vermoë om byvoorbeeld tussen filosofie en teologie te onderskei, is die verskil tussen Reformatoriese en Skolastiese teologie (vgl. Ebeling 1988:231–240).

9. Die onderskeiding tussen wet en evangelie is een van die kenmerke van Luther se teologie. Gehoorsaamheid aan die wet, menslike werke en aktiwiteite het geen reddingswaarde nie. Slegs die geloof in die genade van God in Christus kan ons red van die dood (vgl. Ebeling 1979a:251–295 vir volledigheid oor wet en evangelie).

10. Hierdie is nie 'n korrekte aanhaling nie. Hierdie spesifieke woorde staan nie in WA 2, 688, 35–36 nie. Ebeling het hierdie woorde opgemaak op grond van Luther se betoog in hierdie geskrif. In hierdie *Preek oor die bereidwilligheid om te sterwe* (1519), word daar die volgende gesê ter ondersteuning van Ebeling se argument: 'Sondern deyn augen / deyns hertzen gedancken / vnd alle deyne syn gewaltiglich keren von dem selben bild / vnd den todt / starck vnd emsig ansehen / nur yn denen / die yn gottis gnaden gestorben / vnd den todt vbir wunden haben / furnemlich yn Christo / darnach / yn allen seynen heyligen. Sich yn diszen bilden / wirt dir der todt / nit schrecklich noch grewlich / ia vorachtet vnd getötet / vnd ym leben erwurget / vnd vbir wunden / Dan Christus ist nichts dan eytel leben / seyn heyligen auch / yhe tieffer vnd vehster / du dir disz bild eynbildest / vnd ansihest / yhe mhr des totds bild abfelt / vnd von yhm selbst vorschwindt / an alles zerren vnd streyten vnd also deyn hertz frid / vnd mag mit Christo / vnd ynn Christo gerulich sterben' (WA 2, 689, 35–290, 5 = Korsch 2012:54–56). Luther argumenteer dat die dood verskriklike beelde en voorstellings na vore roep. Wanneer daar egter na Christus, wat in God se genade gesterf het, en die dood oorwin het, gekyk word, verdwyn hierdie beelde van verskrikking vir almal wat in Christus sterf. Christus bring mee dat gelowiges in rus en vrede kan sterwe. In die laaste paragraaf van hierdie geskrif beklemtoon Luther dit weer dat ons God met harte vol vreugde moet dank omdat hy die dood, sonde en hel deur sy genade en barmhartigheid oorwin het. Daarom, moet ons die dood nie vrees nie, maar sy genade prys en liefhê. Woordeliks: 'Derhalben musz man tzu sehen / das man yhe mit grossen freuden des hertzen

5. Thielicke het alreeds vóór die Tweede Wêreldoorlog 'n boek oor die dood geskrif, wat eers ná die Oorlog in 1946 gepubliseer is as *Tod und Leben* en in 1968 in verwerkte vorm weer uitgegee is as *Leben mit dem Tod* (vgl. Ebeling 1987:162–163).

6. Luther (WA 35, 444, 6–12) het dit treffend in die vierde strofe van sy lied 'Christ lag nun in Todes Banden' verwoord: 'Es war ein wunderlicher Krieg, da Tod und Leben rungen. Das Leben behielt den Sieg; es hat den Tod verschlungen. Die Schrift hat verkündet das, wie ein Tod den andern fraß; ein Spott aus dem Tod ist worden'.

7. donec vivimus, est vita strepitus, sonus. Ante et post silentium eternum.

genade, en die hel in die hemel betrag'. Jy moet, met ander woorde, die aardse werklikheid en die werklikheid van Christus se oorwinning oor die dood saam bedink. Volgens hom (in 'n preek op die 11de Sondag ná Trinitatis in 1532; WA 36, 580, 13–581, 10) is 'die regtervoet van die Christen reeds uit die graf'¹¹ – 'n uitspraak wat vir die mense van die laat-Middeleeue net so vreemd geklink het as vir die mense van vandag. Wat Luther bedoel, is dat die gelowige alreeds deel het aan die ewige lewe. Dit is nie net 'n belofte met 'n toekomsdimensie nie, maar 'n werklikheid waaraan ons nou reeds deel het.

Die konfrontasie van die God van die Bybel met die dood is uniek binne die godsdienste. Die gode, as die onsterflikes, is ver verwyder van die sterflikes. Hulle word nie deur die dood en veral die menslike tragiek van die dood geraak nie. Volgens die Bybel is God egter die Heer wat soewerein oor lewe en dood beskik. As skepper, onderhouer en voleinder, reageer Hy in liefde en toorn op die mens se doen en late. Oorwegend is die gedagte egter dat God 'berou het oor die straf' (Eks 32:14) en dat 'Hy nie vreugde het in die dood van die goddelose nie' (Eseg 18:23; 33:11), en dat sy liefde veel verder as sy *geduld* strek (vgl. Ebeling 1983). Juis op grond van sy liefde vir die mens gaan God in konfrontasie met die dood. Hy doen dit deur die menswording, kruisiging en opwekking van Jesus Christus. Wat God hier gedoen het, was om die sonde te vernietig – sonde wat ten diepste 'verwoesting van ware lewe is' (vgl. Ebeling 1987:173). Om dít te vernietig wat lewe vernietig, is betekenisvol vir die sterflike mens, aldus Ebeling. Die vernietiging van dít wat ware lewe vernietig – die laaste vyand volgens 1 Korintiërs 15:26–28 – maak nuwe, ewige lewe moontlik. God is die God van die lewendes (Matt 22:32), óf soos Ebeling na God verwys, 'die dood van die dood'. God wat die dood doodmaak, is die God wat lewe skep en tot lewe roep. Ebeling (vgl. 1987:174) stem met Luther saam dat die persoon wat die opwekking van Christus verwerp, vir God self verwerp. Hoekom? Aangesien Christus se oorwinning oor die dood 'n daad van God was. Hy het Christus tot nuwe lewe gewek. Daar kan dus volgens Ebeling nie geargumenteer word dat jy in God glo maar nie in die opwekking nie. Die probleem met die opstanding lê dus nie by 'n verouderde wêreldbeeld of uitgediende taalgebruik nie, maar by die gedagte van God self. Die twyfel oor die opstanding is maar net 'n skans vir die twyfel oor die bestaan van die lewende God (Ebeling 1987:176–178). Die geloof in

(footnote 10 continues...)

danck / seynem gotlichen willen / das er mit vnsz widder den tod / sund vnd hell / szo wunderlich / reichlich / vnd vnmeslich gnad vnd barmhertzickeit vbet / vnd nit szo sere fur dem tod furchten / allein sein gnad preysen vnd lieben' (WA 2, 697, 30–35 = Korsch 2012:72).

11. In sy Paasag-preek op 31 Maart 1532 (WA 36, 184–185 = 1991:180–183) verduidelik Luther dat die opstanding nie net 'n belofte is nie, maar 'n teenswoordige werklikheid wat deur die doop bevestig word. Hierdie perspektief skep 'n totaal ander benadering tot die graf. As Luther na die graf kyk, sien hy blomme en vrolike mense in Christus se teenwoordigheid. By die graf moet ons vir mekaar sê, 'die nuwe lewe saam met Christus het reeds begin'. Volgens Luther is die 'hoof en hart van 'n gelowige reeds in die hemel, al is die voete nog in die graf'. Dit was sy manier om te sê: Ons deel nou alreeds in die nuwe lewe saam met Christus, al gaan die lewe op aarde nog voort. Luther beklemtoon dít dat God Christus uit die dood opgewek het en dat Hy nou in God se teenwoordigheid is. Christene glo dat, dieselfde God, hulle ook sal opwek – en dít is nie net 'n belofte nie, maar ook 'n sekere wete. Met *sekerheid* leef en sterf ons!

die opwekking van Christus beteken nie dat die gelowige die dood kan ontwyk nie, maar dat die dood nie meer die groot verskrikking is nie. Vir Luther, en so vir Ebeling, is die Christen se dood nog slegs 'n 'geskilderde dood', of 'n 'tydelike, maar nie 'n ewige dood nie', of ook 'n 'slaap' of 'een nag se verblyf', of 'deurgang uit die engte in die wydte van die ewige lewe'.¹² Alles metafore om te sê dat vir 'n Christen die dood nie meer met die lewe inneng nie en dat die lewe nie meer deur die dood gepla sal word nie. Die gelowige leef nie meer met die verskrikking van die dood nie, aangesien hierdie verskrikking ons nie meer aangaan nie. God het in Christus die verskrikking van die dood vernietig (Ebeling 1987:178–179).

Ebeling (1987:179–187) volg Luther in sy argument dat die dood nie hooftema van die teologie kan wees nie, maar wel die 'dood van die dood', nie die verganklikheid van die lewe nie, maar die sekerheid oor die komende, ewige lewe. Wanneer God lewe, is daar nie slegs hier by ons lewe nie, maar ook daar waar Hy is. Hoe praat ons egter oor die 'lewe wat by God is'? Slegs met behulp van beelde of metafore. Om hierdie rede het Luther algaande al meer verkies om in estetiese taal¹³ oor hierdie dinge te praat. Hy het veral van die metafore en beelde van die son en lig gebruik gemaak. Dit was nie blote toeval nie, maar uit oortuiging, aangesien Luther van mening was dat godsdienstige taal moeilik sonder simbolies-metaforiese taalgebruik kan klaarkom.

Lewe ná die dood

Ebeling (1975a:428–429) het *teologie* beoefen om *in waarheid oor God te getuig*. Hierdie waarheid is die waarheid oor die kruisiging en opstanding van Christus. Hierdie waarheid is bedoel om gehoor te word deur mense wat op pad is na hulle eie dood. Om hierdie rede is sy nadenke oor die eskatologie ten diepste bedoel om sterwende mense te troos – sterwende mense wie se leefwêreld vandag deur wetenskap en tegnologie beheer word. Naas die motief van troos glo Ebeling dat die eskatologie ook 'n bydrae moet lewer tot die lewenskuns vóór die dood.

Om die lewe ernstig te neem

Volgens Ebeling het eskatologie nie net met die lewe ná die dood te make nie, maar ook met die lewe vóór die dood. Dit waarop uiteindelik gehoop word, bepaal hoe vandag gelewe word, en hoe vandag gelewe word, getuig van dít waarop gehoop word. In 1997 ontvang Ebeling 'n ere-doktorsgraad

12. Luther se gebruik van metafore wat vir ons vreemd mag klink moet reg verstaan word. Vir hom gaan dit oor die 'gerealiseerde eskatologie'. Die Christen hoop nie net op iets rakende die toekoms nie, maar glo dat dit reeds 'n teenswoordige werklikheid is. Hy sê onder andere in die aantekeninge by sy voorlesing oor Romeine in 1515/16 dat die hoop '*fit ex amatae rei desiderio*' [uit die verlange na die geliefde saak ontstaan] maar '*quod creatura liberabitur scil. a vanitate, quando Impii damnati fuerint et sublati Vel vetus homo abolitus. Quae Liberatio fit nunc quotidie in sanctis*' [dat die skepping bevry sal word van sinloosheid wanneer die Goddelose verdoem en onderwerp sal word, of dan die ou mens afgetakel sal word – hierdie bevryding vind egter daagliks in die heiliges plaas] (WA 56, 374, 8; 373, 23–25). Kyk Slenczka (2010:435–441) vir verdere verwysings na Luther se gedagtes oor die teenwoordigheid van die nuwe lewe.

13. Vgl. Van Wyk (2015) vir inligting oor Luther en die estetika.

van die Universiteit van Tübingen. Tydens die ontvangs van hierdie eerbetoning lewer hy 'n beroemde voordrag met die titel: 'n Lewe vir die teologie – 'n teologie vir die lewe' (gepubliseer in 1998). In hierdie voordrag beklemtoon hy dat alle teologie 'n bydrae moet lewer tot die leef van die lewe. Op voetspoor van Luther beklemtoon hy (1998:164) dat teologie (ook sistematiese teologie) ten diepste pastoraat (*theologia practica*) is. Voordat daar dus inhoudelik stilgestaan word by die lewe ná die dood, eers iets oor die lewe op pad na die dood.

Op grond van Luther se briefwisseling, kom Ebeling (1997) vier jaar voor sy dood finaal tot die gevolgtrekking dat die lewe nie sonder die ewige lewe, en die ewige lewe nie sonder die tydelike lewe verstaan kan word nie. Hy wys daarop dat dit verkeerd is om Luther te identifiseer met 'n monastiese lewenshouding wat gekenmerk word deur pessimistiese wêreldveragting. Intendeel, Luther het vroeg in sy lewe geleer om die skoonheid of die mooiheid van die aardse lewe te waardeer, maar hy het ook besef dat dit 'n gawe is. Hy (vgl. Ebeling 1997:465) skryf in 'n brief aan die hoofkapelmeester Ludwig Senfl in München: 'Dit is 'n gawe om die gawe van God waar te neem'. Hierdie gawes van God was die 'tuin', 'lente', 'voëlgeluide' en veral die 'musiek'. Luther het ook gemeen dat 'skertserij' die lewe met vreugde vul. Luther het gemeen dat ons met groot dank die gawes van God kan gebruik en daarom vrolik kan lewe. Ons moet egter bereid wees om die tydelike ter wille van die ewige te verlaat. Hoekom? Omdat dit dieselfde koninkryk is wat met die geloof begin, wat in die toekoms in heerlijkheid voleindig sal word. Die gelowige kyk dus na die lewe met 'n getrouste oog en sien uit na die jongste dag (Ebeling 1997:466–467).

Eskatologie as *theologia crucis*

Om verantwoordelik oor die lewe ná die dood te praat, moet daar oor Christus gepraat word – met ander woorde, eskatologie staan nie los van Christologie nie, en Christologie is nie moontlik sonder eskatologie nie (Ebeling 1979b: 447–450). Ebeling meen dat die spanning wat die teologiese tradisie tussen eskatologiese perfektum en eskatologiese futurum geplaas het, heeltemal korrek was. Hy het egter 'n ongemak met die distansie tussen hierdie twee aspekte. Hy wil lewe en dood, lewe en ewige lewe, kruis en opstanding, meer geïntegreerd beskryf. Interessant is dat Ebeling die ewige lewe baie sterker vanuit die kruis bedink as wat gewoonlik die geval is.¹⁴

Eskatologie is vir Ebeling (1979b:450–451) kruisteologie (*theologia crucis*¹⁵). Sy tese is dat opstanding en lewe ná die

14. Dit is bekend dat bekende Duitse teoloe soos Moltmann ([1964] 1977:125–209) en Pannenberg (1993:574–588) die eskatologie vanuit Christus se opstanding grond.

15. 'n Benadering wat kritiek van sy mentor Helmut Thielicke ontlok het; vgl. Thielicke (1978:543). Thielicke het in sy kritiek ongelukkig nie rekening gehou met Ebeling se totale oewer nie. In een van sy vroeë boeke, *Die Wese van die Christelike geloof* ([1959] 1977:53–66), het Ebeling reeds baie duidelik uitgespel dat die opwekking van Christus die grond vir eskatologiese verwagtings is. Dáár het hy opmerkings

dood alleenlik duidelik word wanneer dit vanuit die kruis van Jesus verstaan word. Wanneer die kruis, die swakheid, die lyding (2 Kor 12:9–10) nie die vertrekpunt van die eskatologie is nie, het ons weer met 'n *theologia gloriae* te make – 'n triomf van 'n teologie van die wet. In hierdie tipe teologie word na die apokaliptiek gegryp – maar dit sluit Christus nie noodwendig in nie. Ebeling (1975a:444) beklemtoon die woorde van Luther (WA 5, 657, 8–12) na aanleiding van Psalm 22:23 '*simul crucifixus est et resurrexit, simul mortuus est et vivit*' [tegelyk die gekruisigde en die opgestane soos die dood en die lewe]. Hiermee wil Luther en Ebeling beklemtoon dat die kruis nie nét as 'n episode van die verlede beskou kan word nie, maar dat dit deel is van die triomf oor die dood. Die doringkroon, byvoorbeeld, moet ook verstaan word as die kroon van die ewige koning. Die gekruisigde is nie een persoon, terwyl die opgestane 'n ander persoon is nie. Ebeling (1975a:445) is byvoorbeeld ongemaklik met die feit dat die ewige lewe eers in die laaste hoofstuk van 'n dogmatiekhandboek aandag geniet. Dit moet alreeds in die hoofstuk oor die kruisiging¹⁶ ter sprake kom aangesien die kruis lewe – ewige lewe – is. Eskatologie is Christologie en Christologie sluit die kruis in. Wanneer die saak só gesien word, kan van 'teologie as eskatologie'¹⁷ of van 'eskatologiese teologie' gepraat word. Hierdie denke oor die eskatologie laat 'n mens ook anders praat oor geloof. Die geloof is nie seker oor die toekoms op grond van 'n aanvaarbare voorstelling van die toekoms nie, maar op grond van 'n vertroue wat *teen alle toekomsvoorstellings* indruis. Eskatologie (vgl. Ebeling 1975a:447) het dus te make met 'beking' – 'n omdenke, of 'n nuwe denke oor die toekoms vanuit die perspektief van die triomf van Christus aan die kruis. In plaas van vertroue op voorspellings of beplanning, vertrou die geloof op God wat die gekruisigde tot nuwe lewe gewek het, en met ons dieselfde sal doen.

Opstanding van die dooies

Ebeling ([1967] 1975c) het na afloop van 'n seminar oor die 'opstanding van die ontslapenes' in 1967 'n reeks stellings¹⁸ opgestel waarin hy poog om helderheid te bring binne 'n situasie van onsekerheid en verwarring. Hy meen dat die verwarring in die eerste instansie ontstaan omdat mense nie kan onderskei tussen die saak waaroor dit gaan en die aanvanklike formulering van hierdie saak (die opstanding) nie. In die tweede instansie word ons vandag gedwing om die verhouding tussen geloofsuitspraak en

(footnote 15 continues...)

gemaak soos: 'Die Christelike geloof staan en val met die getuienis van die opstanding van Jesus uit die dood' ([1959] 1977:55); en 'Aan die ontstaan van die Paasgeloof is die nuwe nie 'n nuwe geloofstema nie, maar die ontstaan, die opwekking, die tot-lewe-kom van die geloof self' ([1959] 1977:57). Wat Ebeling hier oor die 'kruisteologie' sê, is dus aanvullend tot sy argumente oor Jesus se opwekking.

16. Ebeling (1979a) het dit egter nie in die 2de band van sy Dogmatiek gedoen nie. Dáár het hy kruis en versoening saam bedink, maar nie kruis en eskatologie nie.

17. Hierdie woordgebruik gaan terug op Karl Barth. Vgl. Sauter (1995:66–77) vir 'n kort oorsig oor Barth se eskatologiese denke.

18. Hier is nie ruimte om aan Ebeling (1979a:279–362) se uitleg van die opstanding in sy Dogmatiek aandag te gee nie. Ons volstaan met hierdie reeks stellings.

algemene waarheidsbewussyn (wetenskap) nuut te bedink. In die lig van hierdie twee sake voel hy hom verplig om 'n paar kriteria op te stel vir nadenke oor die opstanding. Christelike nadenke oor die opstanding begin en eindig met die opstanding van Christus. Om hierdie rede handel hierdie stellings in 'n groot mate oor die opstanding van Christus.

1. Die (perfektiewe) opwekking van Jesus en die (futuristiese) opwekking van die dooies moet nie los van mekaar bedink word nie. Hierdie twee aspekte is onlosmaaklik van mekaar. Die een aspek kan nie sonder die ander een bedink word nie.
2. By die opwekking van Jesus het ons met 'n geloofsuitspraak te make. Vir die waarheid van hierdie uitspraak kan die 'historiese' slegs ter sprake gebring word in terme van die historiese tekste waarop ons steun en die historiese konteks en agtergrond van hierdie tekste. Die beslissende kriterium is daarom die 'teologies-saaklike kriterium' (*theologische Sachkriterium*). Die opstanding is 'n geloofsaak, en gelowiges weet dat hulle 'ge-wetes' of 'sekerhede' (*Gewisheitserfahrungen*) in konfrontasie met hulle werklikheidservaring staan. Hierdie krisis word alleenlik opgehef deur die belydenis 'Jesus het opgestaan, Hy het waarlik opgestaan'.
3. Van ons word verwag om teologies-saaklik met die opstanding om te gaan. Om dit te kan doen, moet ons intensiewer in die oorlewering delf, aangesien die saak slegs in die oorlewering ontdek kan word.
4. Die historiese kern van Jesus se opstanding het met sy volgelinge se ervarings te make. Hierdie ervarings is onlosmaaklik gekoppel aan die oproep tot navolging.
5. Die leë graf berus op legendes (wat vir die gelowige histories waar is). Hierdie legendes kan nie dien as 'bewyse' vir die opstanding nie. Nogtans bly dit belangrike berigte vir gelowiges.
6. Die eietydse ongemak met Jesus se opwekking gaan verdwyn deur dit met apokaliptiese verdrag te beklee nie. Die apokaliptiese voorstellingswêreld verwoord nie die kern van ons belydenis nie. Die uniekheid van Jesus en die eenmalige daad van God is die kern van die saak. Jesus se opstanding is met behulp van die apokaliptiek verwoord, maar dit kan nie daaruit afgelei word nie. Die futurum van die apokaliptiek het perfekture in Jesus geword.
7. Wat opwekking uit die dood is, is 'n vraag na die verstaan van God. God en opstanding hoort byeen. Wanneer (Bybels) aan God gedink word, is die opstanding nie 'n vreemde saak nie. Omgekeerd: Opstanding is nie te bedink sonder denke oor God nie. God is die bron van ons hoop. Hy is die waarborg vir die opstanding. Godsleer (teologie) en eskatologie kan dus nie uitmekaar gehaal word nie.
8. 'n Abstrakte dialektiek van kruis en opstanding is nie voldoende nie. Die verskyning van Jesus na sy dood het nie slegs te make met sy verskyning as gekruisigde nie, maar het te make met sy totale verskyning as die Woord van God – en dít kan slegs uitgespreek word in die belydenis 'Jesus leef!'

Ewige lewe

Vir Ebeling is die 'ewige lewe' 'n saak van geloof. Gelowiges moet egter ook hieroor kan (na)dink, aangesien hulle ook hieroor moet kan praat. Maar hoe kan ons hieroor dink en praat? Ebeling bespreek 'n paar opsies wat moontlik kan help in nadenke oor hierdie saak.

Die maklike en vanselfsprekende is om die 'ewige lewe' te bedink as iets wat ons aardse werklikheid oorstyg, totaal anders is en die perfekte sal wees van dit waarna ons verlang, soos vrede en geregtigheid. Om oor die 'ewige lewe' te dink deur die tydelike, onvolmaakte lewe as vertrekpunt te neem mag 'n opsie wees, maar op hierdie wyse kom 'n mens nie noodwendig uit by dit wat 'Christelik' genoem kan word nie (1975b:455–456).

'n Ander moontlikheid is om oor die dood en ewige lewe te dink met ons huidige lewenswerklikheid as vertrekpunt. Ons het vandag die kuns bemeester om 'lewe te verleng' en die 'dood te vertraag'. Die meeste mense het nie 'n probleem met 'n lang lewensverwagting nie, maar om vir ewig met siekte en lyding aan te sukkel, gaan 'n nagmerrie wees. 'Ewigheid' kan daarom nie bedink en verwoord word as 'n ewige voortbestaan nie – aangesien dít selfs kan neerkom op 'die hel'.

Volgens Ebeling (1975b:457) het ons groot probleem vandag te make met die onvermoë om oor 'n tema soos die 'ewige lewe' te kan praat. In die verlede kon ons hieroor praat, en wel met behulp van talle beelde soos die ewige feesmaal, die ewige hemelse lofprysing en die nuwe Jerusalem. Vandag is ons spraak-loos aangesien ons beeld-loos geraak het. Dit is hierdie spraak-lose beeld-loosheid wat die geloof en die kerk bedreig. Die feit dat ons nie meer weet hoe ons oor iets soos die ewige lewe kan dink en praat nie, laat die ongeloof groei. Ons sal dus moet dink aan nuwe beelde en voorstellings oor die ewige lewe, óf daaraan moet dink hoe ons nuwe uitdrukking kan gee aan die Bybelse voorstellings, beelde en metafore.

Soos alreeds aangedui, het een van ons kernprobleme met die woord 'ewigheid' te make. Is 'ewigheid' 'n onbepaalde, onophoudelike wagtyd? Om vir ewig te wag, sal ondraaglik wees. 'n Oneindige voortsetting van ons huidige tyd sal ook 'n nagmerrie wees. Die opsie wat oorbly, is tyd-loosheid – maar dít is nie voorstelbaar en daarom denkbaar nie. Die oplossing wat Ebeling (1975b:458–460) aan die hand doen, is om 'ewigheid' as 'n godsdienstige en nie as 'n fisiese begrip nie te verklaar. Dit beteken dat 'ewigheid' vanuit God¹⁹ verstaan en verklaar moet word. Ons menslike lewenswerklikheid kan ons nie hiermee help nie.²⁰ Ons as

19. Ebeling het alreeds vroeg in sy loopbaan ([1959] 1977:66) gesê dat daar afstand gedoen moet word van alle voorstellings oor die opwekking van die dooies. Hy sê: 'Dat Jesus opgestaan het uit die dood, beteken hoegenaamd nie dat Hy tot die aardse lewe teruggekeer het as iemand wat die dood nog 'n keer voor Hom het nie. Maar, dit beteken, dat Hy, die dooie, die dood, en nie net die sterfte nie, finaal agter Hom het en daarom by God is, en daarom hier in ons aardse bestaan teenwoordig is. Van die opstanding van die dooies kan 'n mens slegs iets weet as jy weet wat [die woord] God beteken'.

20. Sou iemand wel poog om oor 'ewigheid' vanuit ons huidige lewenswerklikheid te praat, sou die gedagtes van Marianne Gronemeyer ([1993] 2012) goed gebruik kon word.

mense leef onder tydsdruk en tydnood. Tyd en die gebrek aan tyd maak ons paniekerig. Ons verlang na die verlede en jaag na die toekoms, en kry op hierdie wyse nie deel aan die hede nie. Die mens gedenk en beplan en is besorg oor die las van die verlede en die toekoms wat ons benoud maak. Of dit nou as gevolg van lewensgier of oor-dadigheid is, ons kry die tyd nie onder beheer nie. Om hierdie rede moet ons tyd en ewigheid vanuit God verstaan, aangesien Hy die Heer van en oor die tyd is. Sy ewigheid is die geheim van die tyd, en die geheim van menswees is om deel te kry aan sy ewigheid – en wel deur die Christelike geloof. Die geloof aan die ewige lewe is in skerp teenspraak tot 'n lewe wat berus in die genot en verwarring, hoop en teleurstelling van hierdie lewe. Geloof in die ewige lewe is nie 'n spel van die menslike verbeelding nie, maar om erns te maak met God wat die Heer van ons lewe is. Wat God met ons lewens te make het, het Hy getoon in Jesus Christus. Hy wil ons lewens nie laat voortgaan nie, en Hy wil dit ook nie met 'n ander vervang nie. Dit gaan om die oorwinning en vervulling van hierdie (my!) lewe deur kruis en opstanding heen. Vergewing, nuttheid, lof – minstens dít is 'hemel'.

Kritiese waardering

Ebeling se rekenskap oor die Christelike hoop is inderdaad 'intellektuele pastoraat', om 'n woord by Gerhard Sauter (1995:187) te leen. Die intellektueel, Ebeling, se eskatologie is ten diepste pastoraat. Hy vertrou ons op pad na ons eie sterfbed. Saam met Luther wil hy aan gelowiges *sekerheid* gee oor die uiteinde van ons bestaan. Dit behoort niemand dus te verbaas dat Ebeling se laaste groot werk (1997) oor die pastoraat handel het nie.

Een tekortkoming by Ebeling²¹ is dat hy nie genoegsaam aandag gegee het aan die (weder)kommende God (Moltmann 1995) nie. Die rede is dat hy nie die eskatologie genoegsaam vanuit die kerklike jaar (spesifiek die Advent) bedink het nie – soos Sauter (2015) in sy nuwe boek gedoen het. Nie dat Ebeling dit heeltemal nagelaat het nie, aangesien sy leermeester, Luther, duidelik geleer het dat gelowiges *nie iets* ver wag nie, maar *iemand*. Een voorbeeld: In 'n preek oor 1 Korintiërs 15 op 10 Mei 1545 roep hy (WA 49, 731, 5) in verwagting op die '*extremus dies laeta*' [die vrolike laaste dag], met die woorde van Openbaring 22:20 uit: 'Ja, kom Heer Jesus'. Volgens Luther ver wag ons nie 'n neutrale laaste ding nie, maar die laaste persoon – die Een wat ons reeds ken.

Erkenning

Mededingende belange

Die outeur verklaar dat hy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hom nadelig kon beïnvloed het in die skryf van hierdie artikel nie.

21. Vanselfsprekend het Ebeling ook aan hierdie tema aandag gegee, maar dit was baie kortliks (1979b:467–468). In die Christologiese gedeelte van sy Dogmatiek (1979a) het hy nie aan Jesus se wederkoms aandag gegee nie.

Literatuurverwysings

- Beutel, A., 2012, *Gerhard Ebeling: Eine Biographie*, Mohr Siebeck, Tübingen.
- Ebeling, G., [1964] 1975a, 'Erwägungen zur Eschatologie', in *Wort und Glaube, Band 3, Beiträge zur Fundamentaltheologie, Soteriologie und Ekklesiologie*, pp. 428–447, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., [1967] 1975b, 'Ewiges Leben', in *Wort und Glaube, Band 3, Beiträge zur Fundamentaltheologie, Soteriologie und Ekklesiologie*, pp. 455–460, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., [1967] 1975c, 'Thesen zur Frage der Auferstehung von den Toten in der gegenwärtigen theologischen Diskussion', in *Wort und Glaube, Band 3, Beiträge zur Fundamentaltheologie, Soteriologie und Ekklesiologie*, pp. 448–454, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., [1959] 1977, *Das Wesen des christlichen Glaubens, 4. Auflage*, Mohn, Gütersloh. (GTB Siebenstern 8).
- Ebeling, G., 1979a, *Dogmatik des christlichen Glaubens, Band II*, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., 1979b, *Dogmatik des christlichen Glaubens, Band III*, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., 1983, 'Die Toleranz Gottes und die Toleranz der Vernunft', in *Umgang mit Luther*, pp. 101–130, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., 1987, 'Des Todes Tod: Luthers Theologie der Konfrontation mit dem Tode', *Zeitschrift für Theologie und Kirche* 84(2), 162–194.
- Ebeling, G., 1988, 'Das rechte Unterscheiden: Luthers Anleitung zu theologischer Urteilskraft', *Zeitschrift für Theologie und Kirche* 85(2), 219–258.
- Ebeling, G., 1997, *Luthers Seelsorge: Theologie in der Vielfalt der Lebenssituationen an seinen Briefen dargestellt*, Mohr, Tübingen.
- Ebeling, G., 1998, 'Ein Leben für die Theologie – eine Theologie für das Leben', *Zeitschrift für Theologie und Kirche* 95(1), 158–166.
- Gronemeyer, M., [1993] 2012, *Das Leben als letzte Gelegenheit: Sicherheitsbedürfnisse und Zeitknappheit*, 4. Aufl., Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.
- Körtner, U., 2014, *Die letzten Dinge*, Neukirchener Theologie, Neukirchen-Vluyn. (Theologische Bibliothek, Band 1).
- Luther, M., 1883vv., *Weimarer Ausgabe (WA), D. Martin Luthers Werke: Kritische Gesamtausgabe*, 65 Bände, H Böhlhaus und Nachfolger, Weimar.
- Luther, M., [1513/15] 1963, 'Luthers 1. Psalmvorlesungen. Text der Glossen, Psalm 1–15 mit Apparat', WA 55, I, 1, 25–27.
- Luther, M., [1515/16] 1938, 'Römervorlesung (Hs.)', WA 56, 1–532.
- Luther, M., [1519] 2012, 'Ein Sermon von der Bereitung zum Sterben', WA 2, 685–697, nuut opgeneem in D. Korch, (Hrsg.), 2012, *Martin Luther: Deutsch-Deutsche Studienausgabe (DDSTA 1), Band 1, Glaube und Leben*, pp. 48–73, Evangelische Verlagsanstalt, Leipzig.
- Luther, M., [1519–1521] 1892, 'Operationes in Psalmos: Psalmus V', WA 5, 125–199.
- Luther, M., [1519–1521] 1892, 'Operationes in Psalmos: Psalmus XXII (21)', WA 5, 598–674.
- Luther, M., [1529–1541] 1923, 'Luthers Lieder, Texte, Christ lag nun in Todes Banden', WA 35, 443–445.
- Luther, M., [1532] 1909, 'Predigt 31. März 1532 (nachmittags am Ostertag) über Osternacht', WA 36, 159–164, nuut opgeneem in Luther Deutsch, 1991, *Die Werke Luthers in Auswahl, Hg. von Kurt Aland, Band 8: Die Predigten*, pp. 176–183, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen. (Uni-Taschenbücher 1656).
- Luther, M., [1532] 1909, 'Predigt am 11. Sonntag nach Trinitatis, nachmittags, über 1 Korinther 15', WA 36, 478–567.
- Luther, M., [1532] 1909, 'Predigt am 23. Sonntag nach Trinitatis, nachmittags über Mt 8', WA 36, 578–590.
- Luther, M., [1534/35/41] 1930, 'Ennaratio Psalmi XC', WA 40, 3, 476–594 (oor Psalm 90:9).
- Luther, M., [1538] 1926, 'Die dritte Disputation gegen die Antinomer, 6. September 1538', WA 39, 1, 486–584.
- Luther, M., [1540/45] 1913, 'Predigt 12 am 10. Mai 1545: 1 Corint. 15; Ecce mysterium', WA 49, 727–746.
- Moltmann, J., [1964] 1977, *Theologie der Hoffnung: Untersuchungen zur Begründung und zu den Konsequenzen einer christlichen Eschatologie*, 10. Aufl., Kaiser, München.
- Moltmann, J., 1995, *Das Kommen Gottes: Christliche Eschatologie*, Kaiser, München.
- Moltmann, J., 2014, *Der lebendige Gott und die fülle des Lebens: Auch ein Beitrag zur Atheismusdebatte unsere Zeit*, Gersloher Verlagshaus, Gütersloh.
- Pannenberg, W., 1993, *Systematische Theologie, Band 3*, Vandenhoeck, Göttingen.
- Sauter, G., 1995, *Einführung in die Eschatologie*, Wissenschaftliche Buchgesellschaft, Darmstadt.
- Sauter, G., 2015, *Schrittfolgen der Hoffnung: Theologie des Kirchenjahres*, Gütersloher Verlagshaus, Gütersloh.
- Slenczka, N., [2005] 2010, 'Christliche Hoffnung', in A. Beutel (Hg.), *Luther Handbuch*, 2. Auflage, pp. 435–443, Mohr Siebeck, Tübingen. (UTB 3416).
- Thielicke, H., 1978, *Der evangelische Glaube: Grundzüge der Dogmatik, Band III, Theologie des Geistes*, Mohr, Tübingen.
- Van Wyk, N., 2015, 'Beeldende kuns en die Wittenbergse Reformasie', *Tydskrif vir Hervormde Teologie* 3(2), 11–27.
- Wenz, G., 2015, 'De Novissimis: Zu Begriff und Themenbeständen der Eschatologie', in *Vollendung: Eschatologische Perspektive*, pp. 83–102, Vandenhoeck & Ruprecht, Göttingen. (Studium Systematische Theologie, Band 10).